



LAER VOLKSKOOL

GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF

Nommer 2

23 Januarie 2020

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

SKOOLFONDS

Op 'n ouervergadering wat gehou is op 28 Oktober 2019 is dit goedgekeur dat ons skoolfonds vir 2020 **R1 400,00 per leerling per maand vir 10 maande (Jan–Okt) of R3 500,00 per leerling per kwartaal of R14 000,00 per leerling per jaar** beloop. Ons doen 'n beroep op u om asseblief u skoolfonds gereeld te betaal. Al is ons 'n staatskool betaal die Departement net die onderwysers se salarisse en 'n minimale bedrag. Ons is verantwoordelik vir die betaal van ons eie rekeninge (krag & water) asook die aankoop van onderrigmateriaal. Daarbenewens het ons ook onderwysers wat deur die Beheerliggaam vergoed word.

Skoolfonds is vooruitbetaalbaar teen die eerste week wat die skool open. Bankbesonderhede vir direkte inbetalings: **ENB Tjekrekeningnommer 62407489021 by Graaff-Reinet (takkode 210-216) met u kind se naam en van as verwysing.**

FINANSIËLE HULP

Die nodige vorms vir finansiële hulp vir skoolfonds is vanaf **1 Februarie 2020** by die skoolkantoor beskikbaar en **moet asseblief deur uself** afgehaal word. U moet asseblief teken met ontvangs van die vorm.

KOSHUISFOOIE

Die koshuisfooie is vasgestel op **R5 750,00 vir kwartaal 1 tot 3 per leerling en R3 750,00 vir kwartaal 4 per leerling**. Koshuisgelde kan slegs per jaar of kwartaal betaal word. **Die koshuisgelde moet op die eerste skooldag van elke kwartaal vooruit betaal wees. Die kwitansie moet by die ingang van koshuis getoon word.**

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings: **ENB Tjekrekeningnommer 62407490177 by Graaff-Reinet (takkode 210-216) met u kind se naam en van as verwysing.**

'N VERSOEK AAN DIE OUERS WAT ELEKTRONIESE BETALINGS DOEN

ONS VERSOEK OUERS OM ASSEBLIEF U KIND SE NAAM OF U REKENINGNOMMER AS VERWYSING TE GEBRUIK! DIT IS BAIE BELANGRIK VIR DIE FINANSIËLE BEAMPTTE!

HUIS EYBERS NASORG

Indien u belangstel in nasorg by die koshuis (slegs Maandae tot Donderdae), kan u die nodige vorms by die skool afhaal en so gou as moontlik indien. (Dit geld vir nuwe inskrywings). Leerlinge wat 2019 nasorg bygewoon het en hierdie jaar weer inskakel, het nie nodig om weer die vorms te voltooi nie. Ouers kan die kantoor net vroegtydig laat weet. Die fooie is vooruitbetaalbaar bv. maandeliks/kwartaaliks of jaarliks. Die fooie vir 2020 is as volg.

Daar is 2 opsies beskikbaar:

- A. R1 527.00 per kwartaal 1 – 3 en R1 019.00 per kwartaal 4 – middagetes uitgesluit; of
- B. R2 236.00 per kwartaal 1 – 3 en R1 492.00 per kwartaal 4 - middagetes ingesluit.

Nasorg kan ook per maand soos volg vereffen word:

- A. R509.00 – etes uitgesluit of
- B. R746.00 – etes ingesluit.

SKAAK

Ons benodig dringend persone wat kan help met skaakafrigting. Kontak asseblief die kantoor.

OUER INLIGTINGSVERGADERING – 27 JANUARIE 2020

Hierdie is 'n inligtingsvergadering vir alle ouers om 18:00 – 18:30 in die skoolsaal waar inligting en reëlings aan ouers deurgegee sal word. Daar word 'n soortgelyke vergadering vir elke kwartaal beplan ten einde beter kommunikasie te bewerkstellig.

Individuele graadvergaderings vind soos volg plaas:

Gr 1-3 = 17:30 – 18:00

Gr 4-5 = 18:30 – 19:00

Gr 6-7 = 18:30 – 19:00

MY SCHOOL

Ons moedig u aan om "MY School" kaarte te gebruik by Woolworths, Engen, Reggies, Waltons, kalahari.net en Quick Stop ens. **"Every Swipe Counts"**. Laer Volksskool kry 'n sekere persentasie van u aankope. "Elke druppel help om die emmer vol te maak". Al die graad 1's en nuwe leerders ontvang vandag 'n aansoekvorm. Indien u nie belangstel nie, stuur die vorm terug. Sodoende is ons verseker dat u wel die vorm(s) ontvang het. Dit geld vir alle skrywes wat u van die skool ontvang.

EPOS

Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is ivsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gestuur word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

DATUMS VIR VOLGENDE WEEK SOOS OP DIE KALENDER

27 Januarie	-	Sportkomitee vergadering 12:00 Ouerinligtingsvergadering 18:00
28 Januarie	-	Tennis OP Platteland Proewe 2de rondte
29 Januarie	-	Krieket vs Union o.11 + o.13 (verskyn nie op kalender) Beheerliggaamvergadering 17:15
1 Februarie	-	Sone Atletiek (verskyn nie op kalender)

SPORT

TENNIS

Sterkte aan al die spelers wat die naweek aan die tennisproewe deelneem.

SWEM

Laer Volksskool se jaarlikse Kleuregala word op Dinsdag, 4 Februarie 2020 by die swembad by HVS aangebied. Alle swemmers wat 'n lengte kan swem, word aangemoedig om deel te neem. U ontvang vandag 'n brief met al die nodige inligting rondom die gala, asook 'n inskrywingsvorm en 'n program.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

STEEK 'N KERS OP

*Elke keer as jy 'n kers opsteek
om die pad vir iemand ligter te maak,
word jy self deur die lig en warmte
van die vlammetjie geraak.*

*Vir die regverdiger het daar lig
gekom, blydschap vir die opregter.*

Psalm 97:11

D. Joubert (Skoolhoof)

